



September 2014

**Dit was weer konserttyd!  
Dewald von Solms**



In hierdie uitgawe ...



- Voorbladnuus
- Kwinkslae uit die Skrif
- Aan die woord
- KVV
- Besige Bye
- Mediese Manewales
- Plantplesier
- Bosklokkiebos Tuinbougroep
- Allegaartjies
- Boekwurm Bydrae (neem 'n blaaskans)
- Oefen-dinge & Salon-sake
- "He is a poet.."
- Hoe sê mens dankie...
- Kwilt-Kapperkolle
- "Op die Oog af-

Humorhoekie



Miki Prinsloo het so hard gewerk om ons gaskunstenaar se optrede vir die Winterfeesviering te reël. Dewald von Solms se aanbieding was puik en en dit het ons opgehef en ons siele gevoed.

Wat 'n belewenis om na sulke lieflike sang en belydenis te kon luister. Die KVV dames se harte en kombuise was oop en hulle het die heerlikste sop, bolletjies en broodjies met smaak voorgesit. Die verhoog en die res van die saal het net so pragtig gelyk en ek dink julle sal saamstem, ons kan trots wees op die gehalte funksies wat die dames hier by Die Oog aanbied.


Dewald en sy gesin het dit hoog op prys gestel en het hul waardering uitgespreek vir die gratis cabana wat vir die naweek deur Western Breeze aan hulle verskaf is.



*Dewald het wonderlike kommentaar oor ons Landgoed op sy Facebook bladsy geplaas. Ons dink hy sal beslis weer kom kuier.*

**Dewald Von Solms**  
16 August

Die moeilike lewe van die kunstenaar in SA. Gistraand lekker konsert gehou en nou laai ons weer baterye vol vir volgende week. Die bosveld hier is fantasmagories!!!



Baie dankie aan almal wat dit bygewoon het en 'n bydrae in die vorm van beplanning, versiering, spyseniering en verkoop van kaartjies gemaak het.

Dit word opreg waardeer!

*Mart Buys*  
KVV Voorsitster





## KWINKSLAE UIT DIE SKRIF **'n Paar van baie beloftes uit die skrif**

### Die Eerste Belofte:

As Ek die eerste plek in jou lewe inneem, sal jy geen ander gode wil dien nie, want Ek sal die ereplek in jou lewe hê. Lev. 19:4

### Die Tweede Belofte:

As Ek in jou hart woon, sal dit nie nodig wees om gesnede beelde van My te maak nie, want jy sal self My beeld dra. Lev. 26:1

### Die Derde Belofte:

As jy My liefhet, sal My naam nooit 'n vloekwoord oor jou lippe kan wees nie, maar in alle omstandighede deur jou eerbiedig en respekteer word. Eks.22:28

### Die Vierde Belofte:

As Ek die ereplek in jou lewe het, sal Sondag die hoogtepunt van die week vir jou wees. Dit sal vir jou 'n vreugde wees om in die gemeenskap van die heiliges My te aanbid. 'n Dag om na uit te sien, nie om teen op te sien nie. Heb. 10:25

### Die Vyfde Belofte:

As Ek in jou lewe is, sal dit vir jou 'n voorreg wees om jou ouers te eer en lief te hê. Dit sal nie vir jou moeilik wees nie, want agter hulle sal jy My sien wat hulle vir jou uitgekies het. Deu.5:16

### Die Sesde Belofte:

As jy My liefde jou eie gemaak het, sal jy nooit iemand wil seermaak of haat nie, wat nog te sê doodmaak. Rom. 13:9

### Die Sewende Belofte:

As jy My liefhet, sal dit nie moeilik wees om aan jou lewensmaat getrou te wees nie. As Ek 'n ereplek in jou huwelik het, sal julle vir mekaar lief wees en jul geluk sal Ek in My hande bewaar en vashou. 1Joh. 4:11

### Die Agtste Belofte:

As Ek op die troon van jou lewe sit, sal jy daagliks vra: Aan wie en waar kan Ek aan 'n ander iets gee en jy sal nooit iets van 'n ander neem nie. Luk. 6:30

### Die Negende Belofte:

As Ek in jou lewe is, sal dit nie meer vir jou lekker wees om van 'n ander kwaad te praat nie. Heb 12:14

### Die Tiende Belofte:

As jy een met my is, sal My Gees jou tevredenheid gee om vergenoegd te wees met wat jy het, met die besef God gee soos wat jy nodig het en wat Hy gee, gee Hy altyd genoeg sodat jy niks sal kort kom nie. Heb 13:5

Ek wil vir u vra om asb. na die beloftes te kyk saam met die teksverwysings en kyk of u ook die groot liefde van God vir Sy kinders kan ervaar.



*Baie dankie vir u saambid.  
Jan Lange*





## Aan die Woord Swembadverhitting

Daar heers heelwat omstredeheid aangaande die swembad se verhitting. Die kommentaar en mening van inwoners sal derhalwe waardeur word ten einde die aangeleentheid te finaliseer.

Tans word bronwater (37°C), wat naby die koue swembad geleë is, na die filters by die stoomketel gepomp waar die water, wat intussen afgekoel het, weer verhit word met steenkoolverbranding tot 'n temperatuur van 37°C vir gebruik in die warm water swembad. Die term "stoomketel" is nie korrek nie, hier word nie stoom verwek nie en is daar dus geen druk wat aan wetgewing voldoen moet word nie. Die stoomketel word gevolg liefdevol verwys na "Die Donkie". Die koste om Die Donkie te bedryf kos die Beheerliggaam nagenoeg R700 000 p.j. aan steenkool, elektrisiteit (waaier en pompe), asverwydering, operateur se salaris en bestuurtyd. Die koste verteenwoordig nagenoeg 6% van die heffing aangesien Western Breeze helfte van die koste van die steenkool betaal.

### Die volgende is die feitlike situasie:

Die verbranding van steenkool het tot gevolg dat gasse en roet afgegee word waarvoor sommige inwoners en woonwepark besoekers binne 'n straal van 250 meter kla. Die gesondheid van die inwoners word volgens hulle benadeel. Die waaier en pompe raas, veral gedurende die nag, waarvoor sommige inwoners en besoekers ook kla. Slegs 'n baie klein persentasie van die inwoners gebruik die swembad. Daar is alternatiewe metodes om die swembadwater te verhit, maar met beperkings op effektiewe verhitting en dit gaan duurder wees weens kapitale inset.

### Sommige Alternatiewe Oorwegings

**Gaan voort met die huidige verhitting en ignoreer die koste en klagtes van inwoners:** Nie 'n opsie nie; gesondheid van inwoners word benadeel. Alternatiewelik kan die gasse en roet deur 'n suiweraar geblaas word wat die roet en gasse verwyder. Die geraas bly egter steeds 'n ongerief. Die huidige koste van die donkie word dus meer.

**Staak die verhitting:** Met ander woorde daar is nie meer 'n warmwaterswembad nie, slegs 'n koue een. Bespaar 6% op die heffing. Nie 'n opsie nie; Die Oog is bekend as 'n mineraalbron en as sulks sal sy voortbestaan benadeel word.

**Verhit die swembad net oor naweke en vakansies:** Bespaar 50 % van die huidige koste en verminder klagtes in geheel.

**Sonverhitting:** 'n Groot kapitale inset (gedeeltelik gekompenseer deur die donkie te verkoop). Bykomend moet die swembad snags bedek word met 'n insulasiekombes om verlies van hitte te voorkom (lastig, moet Geoutomatiseer wees, wat plek opneem en dalk nie mooi lyk nie). Bespaar 6% van heffing. Maksimum temperatuur in winter is ongeveer 28°C. Bewolkte dae in somer ook 'n probleem.

**Hittepomp:** 'n Groot kapitale uitleg en nie so effektief soos die huidige steenkoolverbranding nie. Dit is ook oneffektief wanneer die lug koud is (winter) en dus heelwat klagtes gedurende die periode. Die effektiwiteit van die hittepomp kan gedurende wintermaande verhoog word deur warm lug beskikbaar te stel (addisionele koste). Die grootte van die swembad vergroot hittepompe wat ook geraas veroorsaak. Die gebruik van hittepompe sal waarskynlik ook die installering van 'n addisionele transformator vereis, wat duur is en herstel moet word as dit probleme gee.

**Verdeel die huidige warmwater swembad in twee:** Verhit slegs 'n gedeelte deur 'n kombinasie van sonverhitting en hittepompe. Goedkoper as opsie 5 aangesien minder sonpanele en kleiner hittepompe gebruik word. Daar is egter praktiese probleme om so 'n verdeling te bewerkstellig wat kostes kan meebring.



## Aan die Woord Swembadverhitting vervolg

**Pomp bronwater direk in koue swembad:** Wat dan die warmwaterswembad word en die huidige warmwaterswembad word dus nou die koue swembad. Die oorloop van die warmwaterswembad kan gebruik word om die water in die koue water swembad se temperatuur met 2 tot 3°C te verhoog. Hou in gedagte dat die koue swembad tans aan Western Breeze behoort.

**Insuleer die pyp tussen die bronwater en die warmwaterswembad:** Bronwater kan teen 'n hoë temperatuur direk in die swembad gepomp word. Verlies van oppervlakhitte word gekompenseer d.m.v. sonpanele, 'n hittepomp of die donkie (teen 'n laebedryf).

**Bou'n addisionele swembad:** Ongeveer 6x12 meter waarin die warm water voortdurend gepomp word.

Dit moet gemeld word dat die gebruik van sonpanele en/of hittepompe'n groot risiko inhou, aangesien die effektiwiteit nie gewaarborg word deur die verskaffers nie. By van die ander oorde werk dit ook nie te goed nie, water dikwels nie warm genoeg nie, veral in winter.

Die kommentaar van inwoners met hulle eie addisionele voorstelle en of keuses sal waardeur word ten einde 'n besluit vir finalisering te kan voorstel. Handig asseblief u voorstel, asook name van diegene wat wil deelneem op die evalueringskomitee van die alternatiewes, by **Nic Wolmaransse** poshokkie (F068) in voor einde September.

**Francois Beetge**  
**Finansiële Trustee en**  
**Waarnemende Voorsitter, Trustees**

---

### Ete Tender



Eienaars en inwoners van Die Oog Aftree Landgoed moet asb kennis neem dat daar tans 'n oop skrywe deur die Raad van Trustees uitgestuur word, waarin daar gevra word vir tenders vir die Voorsiening van Voedsel (middagetes) asook later lewering van die Weg -neemete diens by Die Oog. Soos u weet word voedsel-voorsiening tans deur Western Breeze aan die Landgoed gelewer en loop die bestaande ooreenkoms met Western Breeze die einde van November 2014 ten einde.

Uit die aard van Western Breeze se betrokkenheid met die lewering van hierdie dienste aan inwoners (besoekers en vakansiegangers) sedert die ontstaan van Die Oog, sal Western Breeze, tesame met ander moontlike instansies, op 'n gelyke vlak kan meeding vir die voortsetting van hierdie betrokke dienste aan Die Oog Aftree Landgoed, en sodoende as Diensverskaffer te kan tender.

Die dokumentasie waarin die betrokke tenders gevra word, is ter insae aan alle persone by Die Oog beskikbaar by die Kantoor. Diegene wat belangstel om hierdie tenderdokumentasie te sien, kan by Leonie navraag doen. Tenders sluit om 12:00 op 22 September 2014.


Ons sal u op hoogte hou van verwickelinge  
*Ete Tender Komitee*

### Belangrike Datum

**Algemene Jaarvergadering**

**15 November 2014**

Kyk uit vir toekomstige nuusflitse en kennisgewings





## Klub Vlytige Voete



"Daar Vir Mekaar" is die KVV se leuse en hoe heerlik is dit nie om dit weer in Augustus te kon ervaar nie!

Die KVV het die voorreg gehad om drie uitstaande byeenkomste by Die Oog aan te bied waar ons aan ons leuse gestand kon doen. Ons is baie dankbaar vir die dames wat so getrou die vergaderings bywoon en altyd bereid is om hand by te sit met die funksies wat aangebied word. Die beste ooit is die wonderlike ondersteuning wat ons van die inwoners se kant af kry. Die saal was nog met elke funksie stampvol en met twee bobaas kaartjieverkopers soos Herman en Leonora kan niemand sê hulle was nie bewus van die funksies nie.

Ons het ook die geleentheid gehad om dames van Die Oog hierdie maand te bemagtig. Tydens die Vrouedagfunksie, wat onder leiding van Petra Oosthuizen en Bets Schoonwinkel plaasgevind het, het die dames weer die waarde van vrouwees ervaar en is ons bewus gemaak van ons persoonlikheidsverbintenis met kleur en geur. Petra het ook 'n paar grimeerwenke met ons gedeel en ... JA, die aap is uit die mou gelaat!

Die van julle wat bewus was van die nagtelike geskarrel van karretjies op pad na die saal toe en terug, het reg geraai. 'n Nuwe groep is gebore naamlik die KlipOogsangers en hulle het vir die hoofitem van die oggend gesorg. Ek hoor die manne is baie vies omdat hulle nie die groep gesien optree het nie, maar die goeie nuus is dat hulle reeds hul plek bespreek het vir die Oppi-Oog feeskonsert Vrydagaand 3 Oktober. Maak seker dat julle dit nie weer mis nie.

Daar is, net soos in Februarie, weer aan die waarde van lagterapie aandag gegee en die dames het gemaklik meegemaak en nuwe bande is gesmee. Ons het baie prystrekkings gehad en die oggend wat met heerlike bola en eetgoed afgeskop het, is in 'n woeste ontploffing van ballonne afgesluit. Baie dankie aan almal wat tot die sukses van hierdie funksie bygedra het. Die eetgoed en bola was heerlik en die saal was smaakvol versier en die aanbiedings puik. Julle kan!

'n Baie spesiale dank aan almal wat na elke funksie so getrou help met die opruim en regskuif van die saal. Julle maak die taak van die KVV baie ligter en daarom is dit vir ons 'n plesier om die saal mooi te versier, want ons weet julle sal jul volle gewig ingooi om die saal agterna reg te kry vir Sondag se diens. Ware staatsmakers!

Die week van 26 tot 29 Augustus het ons prentjies uitgekniip en koffiebotte geplak en geverf. Die dames het die decopagetegniek onder die bekwame leiding van Leonora Sommer gou onder die knie gekry. Die projek gaan nog voort tot Desember wanneer ons die bottels met eetgoed gaan vul en aan die inwoners as kersgeskenk gaan gee. Die dames wat hierdie plaksessies dié keer gemis het, moet probeer om dit volgende keer by te woon. Hettie en Mart het springmielies, spookasem en drinkgoed bedien en ons het Sommer so tussen die werk deur lekker gesels en groot plakvriende geword. Die skenkers sal hul bottels nie herken nie want die bottels lyk pragtig. Die versierings is met liefde en welwillendheid aangebring en ons is baie dankbaar vir die sowat twintig dames wat betrokke is by die projek. Ons kort egter nog heelwat helpers.



## Klub Vlytige Voete Vervolg

Gedurende Augustus het ons steeds gefokus op die voorbereiding van al die funksies van die volgende 3 maande en almal word vriendelik versoek om van die volgende datums en funksies kennis te neem en dit op u almanak aan te teken.

- Maandag 1 September wys Marié en Basjan om 17h30 vir 18h00 “Faan se trein” in die tentkamp lapa. Daar sal eetgoed voor die vertoning te koop aangebied word en die aandjie behoort jou nie meer as R10 uit die sak te jaag nie. Kom geniet die heerlike atmosfeer by die lapa en ‘n baie goeie film.
- Woensdag 3 September bied Maxie om 10h00 die Sielskos in die tentkamp lapa aan. Dit belooft om soos altyd baie verrykend te wees en al die dames is hartlik welkom. Bring jou eie botteltjie water saam indien jy ‘n dorstige persoon is.
- Die KVV maandvergadering vind plaas op Donderdag 5 September om 13h30 vir 13h45. Ons finaliseer dan die reëlings vir die Oppi-Oog Familiefees. Jou insette is broodnodig sodat ons aan almal se verwagtinge kan voldoen. Nuwe idees is welkom!
- Moenie vergeet van Die Oog se dans van 19 September wat deur die Personeel aangebied word nie. Hou die kennisgewingborde dop vir meer inligting.
- Almal word aangemoedig om in hul fase ‘n straatbraai om 17h00 op Woensdag 24 September te reël. Dit maak deel uit van “Braaidag” wat saam met die res van SA gevier word. Kontak Mart indien die KVV vir jul pap en sous kan verskaf. Maak van die geleentheid gebruik om jou bure beter te leer ken of woon ‘n ander fase se braai by, dan leer jy nog meer mense ken. Plaas asb jul inligting oor die fase se braaireëlings op die kennisgewingbord sodat ander wat dit ook wil bywoon, kan weet waar dit gaan plaasvind.
- Woensdag 1 Oktober bied Gert en Judith Bouwer Sielskos aan vir mans en dames in die tentkamp lapa. Hul gaan gesels oor “Hoe om mooi te baklei” en jy gaan genoeg pitkos kry om jouself en jou kinders se siening oor meningsverskille en woordewisselings te ontleed. Almal is hartlik welkom.
- Die geleentheid van die jaar naamlik ons eie Oppi-Oog Familiefees word die naweek van 3-5 Oktober aangebied. Vrydagmiddag vind ons eerste Gholfkarrally om 14h00 plaas, en daarna word daar konsert gehou. Almal wat ‘n item wil lewer, moet hul name by Mart Buys 082 335 6379 kom opgee. Die toegang is gratis en elke gesin bring net hul eie tafeldoekie, lampie en piekniekmandjie met eet- en ligte drinkgoed saam. Iets sterkers is by die Oog se kroeg te koop. Die items wat alreeds geregistreer is, belooft baie oulik te wees. Daar word Saterdag speletjies aangebied, daar gaan stalletjies wees wat jou asem gaan wegslaan en kom skryf jou kleinkinders in vir die Mnr. en Mej. Oog kompetisie. Daar kan groot pryse by alle items gewen word. Ons sluit die fees die Sondag af met ‘n diens waartydens ons eie koordansers sal optree. Nooi jou familie vroegtydig uit om saam met ons fees te vier!



Die lente is in die lug en dit is heerlik om soggens met voëlgesang wakker te word. Mag jy nes die natuur in September ontwaak en ervaar hoe opregte liefde vir Die Oog en sy mense in jou groei. Kom geniet die diens en die funksies want dit word net vir jou met liefde deur die KVV dames aangebied.

Geseënde maand vir julle!

Warm KVV-groete

### Kragtariewe effektief 1 September 2014



VERBRUIK	OU TARIEF (PER kWh)	NUWE TARIEF (PER kWh)
0 – 50 kWh	R 0.88	R 0.97
51 – 350 kWh	R 1.09	R 1.18
351 – 600 kWh	R 1.43	R 1.50
601 > kWh	R 1.72	R 1.74

## Mediese Manewales Blaaskonsternasie



Sistitis, of eerder bekend as blaasinfeksie, is inflammasie van die blaas. Dit word gekenmerk deur pyn tydens urienpassering, kort-kort uriene passeer en bloed in die uriene.

Simptome is prikkels oor blaas area, steekpyne en lae abdominale pyn en soos infeksie versprei, word rugpyn, verhoogde tempertuur en moegheid ervaar.

Die niere is die organe wat afvalprodukte soos suiker en ureum uitskei. Die afvalprodukte word vanaf niere via ureters of nierpype vervoer na die blaas. Die blaassenuwee stuur impulse na die brein om urienpassering te bewerkstellig.

Die mees algemene bakterie wat blaasinfeksie veroorsaak is e-coli en word in stoelgang gevind. Dis essensieel om optimale higiëne toe te pas tydens die natuurlike proses. Vroulike anatomie is so saamgestel dat dit 'n groot rol speel.

Metodes om sistitis te beveg:

1. Deur eie toedoen, bv wanneer stoelgang passeer word is die wenslik om van voor na agter te reining.
2. Drink genoeg water, veral in die somermaande.
3. Dra katoen onderklere.
4. Vermo gekleurde seep, toilet papier, badsoute en borrelbad. Sodra enige tekens bespeur word, is die wenslik om 'n geneesheer te kontak.
5. 'n Daaglikse dosis Rooibosbessie of te wel "Cranberry" sap of -pille help met die algehele gesondheid van die urinale omgewing.

### VERSOEK VAN DIENSENTRUM PERSONEEL

**Medikasie: Alle medikasie moet asseblief gedurende kantoor ure by die Dienssentrum afgehaal word! Na ure oproepe is slegs vir noodgevälle!**

'n Ernstige versoek aan alle inwoners om die Mediese personeel asb in kennis te stel van enige gevalle van hospitalisasie, toekomstige operasies of mediese behandeling vir opvolg en rekord doeleindes.

Indien daar inspuittings volgens doktersvoorskrif gegee moet word, moet dit deur die Dienssentrum personeel toegedoen word en nie deur mede-inwoners nie! Indien die aksie voortgaan of u u skuldig bevind aan die aksie kan dit ernstige reperkussies tot gevolg hê.

*Dankie vir elk se samewerking  
Dienssentrum Personeel*

**Bron Apteekweek 1-6 September** verskeie promosies

2 en 3 September gratis Cholesterol en Bloedsuiker toetsing

Pannekoek en Worsbroodjie verkope ten bate van die Ouetehuis

**BRON APTEEK**





## Voetversorgingskliniek

Graag wil die Dienssentrum alle inwoners verwittig van die Voetversorgingskliniek wat op die 1ste September 2014 begin!


Die diens sluit in toonnaels knip en voetversorging—dit is nie 'n skoonheidsalon nie, ons doen nie pedikuur en verf nie. Die diens sal Dinsdae van 08:00—11:30 beskikbaar wees teen 'n koste van R5.00. Geld sal aangewend word vir voorraad aankope.

Stafverpleegster Ria Schoombee gaan die voetkliniek vir ons bestuur en afspraak kan direk by haar gemaak word.

*Dankie vir u ondersteuning  
Sorgsentrum Personeel*



## Belangegroep Bedrywigheid Besige Bye



As iemand klimaatsverandering binne 10 minute wil beleef, kom besoek ons Besige Bye se byeenkoms op 'n Donderdagoggend.

Soms begin die groep bewolk (moedeloos) met hier en daar 'n reënbui (trane), soms is daar stormsterk winde met hier en daar 'n sonskyngesig, maar binne 10 minute is dit net sonskyngesigte, vol vreugde, dankbaarheid, geluk en entoesiasme.

Ons werk saam aan 'n paar rooiletter dae, naamlik 4 Oktober en 24 Oktober. Daar word hangerootreksels gemaak, met stokke gehekel, kaartjies gemaak, lappe gevef ens., alles te koop. Kom besoek ons stalletjie, al die inkomste word ingevorder vir die Dienssentrum en Verswakte Sorg Fasiliteit by ons, Die Oog.

Ons is weer 'n paar treë nader aan die Registrasie van die Dienssentrum en Verswakte Sorg Fasiliteit. Die elektriese sertifikaat vir die fasiliteit is op Vrydag 29 Augustus uitgereik en die sekuriteitsdeure word op 3 September vasgesweis. Die NPO registrasie word binnekort verwag en stadig maar seker is ons besig om die vereistes van registrasie by Departement Maatskaplike Ontwikkeling en Departement Gesondheid een vir een af te merk op die kontrolelys.

Ons Besige Bye wil graag met al ons inwoners die pitkos deel waaraan ons die afgelope paar weke herkou het.

- Here, maak my woorde en dade aangenaam en laat my 'n draer van u blydskap en liefde wees in my ouderdom.
- Dankie vir die mooi en gelukkige “gisters” wat U my geskenk het.
- Gee my genade en wysheid van 'n beheersde tong, 'n simpatieke oor en 'n kalm humeur.

Op hierdie stadium wil ons al die inwoners bedank vir hul positiewe gesindheid rakende die Dienssentrum en Verswakte Sorg Fasiliteit. Dankie dat julle ons verkopings ondersteun.



Hou die volgende Knipoog dop... Die Dienssentrum en Verswakte Sorg Fasiliteit by Die Oog is nie net meer 'n fiksie verhaal nie.

BB Groete  
*Marita Enslin (Maatskaplike Werker)*





## Plantplesier



Met 'n ietwat negatiewe aanhef moet Groenie erken dat hy tans nogal ontmoedig en hartseer is. Die oorsaak: talle Oog inwoners is duidelik nie ingestel om 'n bosveld atmosfeer te bevorder nie. Die huidige beleid is dat inwoners binne hulle eksklusiewe gebruiksarea hul gunsteling tuine kan aanlê. Daarbuite, in gemeenskaplike areas, mag slegs inheemse bome en plante, verkieslik materiaal wat die bosveld omgewing komplimenteer, in samewerking met die Trustees en Bestuur aangeplant word. Die landskap en topografie behoort ook nie na willekeur verander of geskend te word nie. Tans blyk daar egter geen beheer hieroor of ingesteldheid en sensitiwiteit daarvoor by sommige inwoners te wees nie. Die natuurlike omgewing, wat reeds grootliks deur die ontwikkelings geëlimineer is, word na hartelus deur diesulkes omskep in losstaande kunsmatige landskappies, vol van 'n verskeidenheid onvanpaste uitheemse plante, selfs fokus plante in sommige gevalle. Eina!!! Hartlik geluk aan dié Ogers wat wel 'n sensitiwiteit het vir 'ons tuiste in die natuur', by name onder andere die spannetjie wat beddings en sirkels verfraai. Ten minste poog hulle om inheems en met plaaslike materiaal 'n verskil te maak.

Terug by ons riglyne vir paslike aanplantings, om aan te sluit by die bome en struik van die afgelope paar uitgawes, bekijk ons hierdie maand 'n aantal kruidagtige meerjarige plante. Dit is nou meerjarige blomplante, grondbedekkers, bolplante ens wat benut word om in te vul tussen die fokusplante, en die tuin sodoende af te rond. In hierdie kategorie is die verskeidenheid van spesifiek bosveld spesies ietwat beperk en ons kyk effe wyer na 'n aantal SA inheemse soorte wat by ons bosveldtuin inpas:

**Redelik geharde soorte:** Eerstens aard die meeste aalwyn soorte goed in ons klimaat, soos bv die pragtige **Wickens-se aalwyn** (*Aloe wickensii*), 'n Limpopo spesie. Daar is ook reeds bewyse dat verskillende plakkie-soorte oop areas kan bedek, soos die **Varkoorplakkie** (*Cotyledon orbiculata*), met klokvormige oranjeblomme.



Die **Vuurpyl links** (*Kniphofia praecox*) verkies volson, moet klam gehou word en vorm 'n 'klomp' met lintvormige blare en helderoranje tot geel blomme op stewige stingels. **Sterblom**, ook genoem Afrika aartappel (*Hypoxis rooperi*) is 'n geharde bolplant met lintvormige blare en stervormige geel blomme die hele somer. **Agapanthus inapertus** of **Bloulelie** is 'n 'agapanth' spesie wat wel in Limpopo voorkom en die diepblou buisvormige blomme vertoon verruklik, veral in groot groepe. **Valentynsblom** (*Crocasmia aurea*) en **Vallende ster** (*C. paniculata*) is vinniggroeiende knolplante met gladiolus-agtige loof en ritse aanskoulike stervormige helderoranje blomme. Die twee aspersie plante, **Jakkalsstert-asparagus** en **Smaragvaring** is subspecies van *Protosparagus densiflorus*, elk met 'n besondere karakter van fyn naaldagtige loof en klein blinkrooi bessies. Daar is natuurlik meer geskikte soorte, waaronder 'n wye verskeidenheid vetplante, met baie plesier vir min moeite.



Valentynsblom

### Grondbedekkers:



*Aptenia cordifolia*

**Aptenia** (*Aptenia cordifolia*) is droogtebestand, versprei vinnig met liggroen halfsukkulente blare en donkerroospienk blommetjies. Die **Botterblom** (*Gazania krebsiana*) is 'n treffer wat van Namakwaland tot in Botswana voorkom. Die grys-groen blare dien as agtergrond vir 'n asemrowende verskeidenheid van helder-kleurige gestreepte en gevlekte blomme. **Katstert** (*Bulbine frutescens*), met sukkulente blare en stervormige geel of oranje blomme op lang stele, word reeds algemeen by Die Oog gebruik.

Plectranthus soorte bied goeie grondbedekkers vir skadu areas, soos bv **Skinderstorie** (*Plectranthus verticillatus*) met glansende donker-groen loof met pers tinte en buisvormige wit en pers blomme. Met groot pienk tot pers madeliefieblomme van herfs tot lente is die vinnig groeiende **Bergbietou regs** (*Osteospermum jucundum*) 'n treffer vir walle en rotstuine.



## Plantplesier

### Vervolg ....



Die immer gewilde **Boslelie links** (*Clivia miniata*) groei graag in digte klompe en vorm mettertyd 'n ideale skadu-grondbedekker. **Krukkransie** (*Myrsiphyllum asparagoides*) kan met sy aantreklike loof benut word as grondbedekker, in 'n hangmandjie, om oor 'n muur te tuimel of teen 'n traliewerk op te lei. Ook in die geval van grondbedekkers is 'n wye verskeidenheid vetplante geskik en beskikbaar.

In 'n latere uitgawe bekyk ons nog interessante moontlikhede soos bolle, knolle en varings. Kwekerye is dikwels geneig om slegs gewilde geldmaak-soorte aan te hou en vir baie van die genoemde soorte sal ons maar bietjie moet rondsuffel, veral by groter kwekerye. Die moeilike botaniese name is bygevoeg om kundige kwekers by die regte plant uit te bring. Plant vereistes wissel van soort tot soort, maar 'n algemene riglyn vir almal is, kies die regte posisie, plant met genoeg kompos in goedgedreineerde grond en hou hulle klam, sonder om hulle te versuip.

Wat kan nou meer genot verskaf as jou eie bosveldtuin in ons unieke ou BOSVELD?

Groenie

*Nota van Knipoog Redaksie*

*Die beleid van die Landgoed was van die staanspoor af om slegs inheemse plante en bome aan te plant om ons bosveld atmosfeer en omgewing te behou.*

*Ons is nie almal botanici of plantkenners nie, en ons verstaan dat sommige inwoners plante vir die mooi aanplant en nie bewus is of die plant in-of uitheems of selfs indringer is nie. In die nuwe fases wil ons almal ook ons sypaadjies en omgewing so spoedig moontlik na die bouwerk klaar is, mooi maak. Ongelukkig sit ons nou met 'n situasie van 'n ander aard. Daar is reeds in die gemeenskaplike areas indringerplante aangeplant wat vir ons in die toekoms probleme kan veroorsaak.*



*Die Luisboom of wildetwak is onder andere een van hierdie probleem-plante wat al die pad van Suid-Amerika af oorgewaaier het. Die plant is giftig en is 'n ernstige indringer! As dit in jou tuin of op die sypaadjie staan, trek dit asseblief uit.*



*Alhoewel alle inwoners geregtig is om binne die eenheid se ringmuur te plant wat hy/sy wil, vra ons u om steeds oordeelkundig te plant. Moenie byvoorbeeld 'n palmboom (wat uitheems is) langs die ringmuur aanplant nie! Die wortelstelsel van die palmboom gaan kort werk van die muur maak. Ja, jy is reg as jy sê dat daar palms by die hoof swembad staan, maar hierdie bome is nie uitgehaal vanweë hul grootte en ouderdom.*

*Indien u nie seker is van die aard van 'n plant of boom nie, vra eerder en maak eerder seker. Groenie, oftewel Rudi Britz en die dames van die Bosklokkiebos Tuinbouklub is altyd bereid om hulp en advies te gee. Laat ons weet of u in 'n inligtingsessie oor inheemse bome en plante sal belangstel. Ons sal Groenie se arm probeer draai.*

*Dankie byvoorbaat vir u samewerking!*





## Bosklokkiebos Nuus

Maandagoggend 25 Augustus het daar groot opwinding geheers op die parkeerterrein van Die Oog. Dertig inwoners het elk 'n plek in 'n beskikbare voertuig gekry en in die pad geval na die plaas "Jonkmansdrift" van Loffie en Adri van Emmenis wat ongeveer 35 km op die Markenpad uit is.

Daar aangekom, was ons gasvry begroet en elkeen het 'n stoel nader getrek op die grasveld voor die huis waarvandaan ons 'n pragtige uitsig gehad het op 'n verskeidenheid bome van die Bosveld. Die huis, 'n ou plaashuis met 'n besondere gewel, is in 1949 gebou. Loffie en Adri besit baie antieke meubels wat nog uit die vroeë negetienhonderds dateer, onder andere 'n kas wat uitmekaar gehaal kan word en vervoer kan word met 'n wa en dan weer aanmekaar gesit word met wighoeke.



Loffie het 'n kruise vol hout op regstaan gehad en het in kleurvolle manier elk se naam en karaktereenskappe beskryf. Die Wit Sering byvoorbeeld is hol aan die binnekant waarmee water gelei kan word vir besproeiingsdoeleindes. Die Rooi Sering is nie geskik vir brandhout nie, want dit smeul net. Slegs met die gebruik van 'n blaasbalk sal die hout genoeg suurstof kan kry om goed te brand. Die Vaalboom was vroeër skaars maar kom vandag baie voor. Sy blomme het 'n onaangename reuk.

Die Bruidjie van die Veld (Drolpeer) is die eerste boom wat in die lente blom en is dan oortrek met pragtige wit blomme. Die hout is baie hard. Die Koraalboom (Kafferboom) blom ook vroeg in die lente. Jy kan 'n tak afbreek in die grond sit en dit sal maklik groei. Krinkhout het 'n witterige stam en hy maak pers blomme. Sy wortels ruik na "wintergreen". Die Bosveldkatjiepiering dra eers wit blomme wat baie lekker ruik, dan volg die vrug wat die koedoeklapper genoem word. Koedoes vreet die sade. Die sade is egter so hard dat 'n mens hulle nie gebreek kry nie. Die Moepelboom is 'n donker-groen boom met swaar hout.

Na die interessante praatjie het ons piekniek gehou op die gras. Almal het dit terdeë geniet en daar het 'n gesellige atmosfeer geheers. Daarna was dit tyd om op die plaas rond te stap. Ons het na die broodbome wat Loffie kweek gaan kyk. Reg langs die hek by die ingang na sy huis staan 'n "Eugene Marais Broodboom" wat 'n baie skaars spesie is. Soos ons deur die veld stap wys Loffie ons die Dikbas, die Raasblaar, die Boekenhout, die Bergmispel en die Dop-



perkiaat wat pragtige geel blomme kry. Die stamvrug waarvan sommige baie suur is en ander weer so soet daar selfs heerlike konfyt van gemaak word. Die Bitterappeltjies (gifappeltjie) is helder geel en word gebruik om sandwurms dood te maak.

Na 'n lekker stappie het ons teruggekeer na die huis. San Annandale het van die geleentheid gebruik te maan of Loffie en Adri te bedank vir hulle gasvrye ontvangs, die heerlike oggend en veral Loffie vir die passiewolke manier waarop hy sy kennis met ons gedeel het. **"Hulle hart is in die Bosveld"**.

'n Groot dankie aan San vir die reël van die uitstappie! Dankie aan almal wat saamgegaan het en daardeur bygedra het tot die sukses van die uitstappie! Die voorlopige plan is om 25 September die Kersietuine by Magoebaskloof te besoek. Besonderhede sal op kennisgewingborde verskyn.

**Bosklokkiegroete,  
Thea van Driel**

*Yvonne Smith skryf:*

*Mens kry weer sielrus in die natuur.. Ons was daar, 35 van ons! Stil-stil stap ons deur die ruie Bosveldbome, hul mooi donker takke omvou ons in ruwe paadjie en my hart soek woorde. Hoe groot is God se oneindige Skepping! Daar's Dikbas, Rooi Karee, Raasblaar vol sade, Vaalboom, die Waterberg Mispel, te alle meer en die "Bruid van die Bosveld, "Die Drolpeer". Eerste boom wat blom in die lente geklee in volle bruidsgewaad staan sy fier en oordadig daar soos diamante knip-oog die blinkblaar "Wag-n' Bietjie" en helder voor my borrel sielsgedagtes. O hoe Groot is U Skeppingsdade vir ons om te geniet. Ons hoor lekker Bosveldstories van Oom Loffie en hou feespiekniek onder die bome op sy werf.*





## Allegaartjies

### Konstruksie en Riool



Weer 'n dringende versoek aan alle inwoners en besoekers om te onthou dat enige konstruksiepersele, bv Fase 9 en Fase 7 streng verbode is .

Daar was al verskeie klagtes van Kontrakteurs dat inwoners materiaal van hulle konstruksiepersele af verwyder sonder toestemming.

Onthou dat die betreding van 'n konstruksierrein ook 'n veiligheidsrisiko inhou, en die bouers sal nie verantwoordelik wees indien daar 'n besering is nie. Indien u in die proses is om 'n huis te laat bou, betree asseblief die area met die bouer se toestemming en onder sy toesig.

Dan 'n dringende versoek rakende die rioolsisteam. Ons het weer die afgelope tyd baie vreemde voorwerpe in die rioolstelsel gekry, wat ernstige nagevolge op die effektiewe werking van die pompe het.

Moet asseblief nie enige vaste stowwe bv. "wet wipes", sanitêre produkte, doeke ens in die toilet afspoel nie. Ons het tot al blikke, sementsakke en "charcoal" in die stelsel gekry.

Noem dit asb vir u kinders en besoekers wat kom kuier. Ons toiletstelsel is nie gebou



### Kom Dans!

#### Haai, onthou jy nog hierdie liedjie?

Onthou om Vrydag die 19de September jou plat skoene aan te trek en jou danspassies in die saal te kom wys, of net na lekker musiek te kom luister en te kom kyk hoe almal lekker skoffel.

DJ J.O (Johan Oosthuizen) gaan daai 60's en 70's, bietjie country en 'n paar ander goeie ou treffers speel wat ons almal gaan laat terugverlang na die ou dae. Die fondse wat ons Personeel insamel word ten bate van die opgradering van die landgoed gholfkaretjie gebruik. Kaartjies is beskikbaar by Leonie, Elsabé en Jackie teen R20 per kop, lyf is gratis.

Kom braai en kuier saam! Vure sal teen 17:00 brand. Bring eetgerei en bykos. Pap en sous word voorsien. Kontant kroeg beskikbaar.

Ondersteun ons asseblief... julle sal nie spyt wees nie.

### Gholfdag 2014

Daar word weer 'n gholfdag beplan ten bate van Die Oog Gesondheidsentrum om fondse in te samel vir opgradering.

Die gholfdag vind plaas op 22 November 2014 by die Naboomspruit Gholfklub.

Met vrymoedigheid versoek ons dal alle persone wat bereid is om te help met die organisering, werwing van spelers, verkryging van borge en pryse hulle name en kontakbesonderhede teen 10 September deur te gee aan Leonie/Jan Ebersohn Eenheid 194 (082 436 8875)

*Dankie  
Jan Ebersohn*







## Oefen-dinge en Salonsake



Onthou dis LENTE ! Om te oefen, is seker so oud soos die mensdom self. Met wat jy ookal wil bereik, moet jy (by herhaling) oefen om jou eie liggaamlike prestasies te kan bly verbeter. En soos wat jou liggaam se spiere meer soepel en sterker raak, so verbeter jou liggaamlike prestasies gaandeweg en dienooreenkomstig. Maar dis hier waar die knoop lê. 'n Mens is van nature lui om sommer net te oefen. Dis mos moeite. (Die "ander" redes is 'n ellelange lys). Die situasie vra eintlik 'n brutale en persoonlike besluit, om oor hierdie deurdrempel te kan kom. Daarna vra dit vasbyt, van die eerste water !

Vir die Griekse atlete van 2000 jaar gelede, was dit die Lourierkrans aan die einde van die Marathonwedloop, wat grootliks die motivering (vir oefening) voorsien het. Die geskiedenis leer ons ook dat die mense van daardie tyd baie groot waarde geheg het aan die (wenner se) eerbetoon, wat met die Lourierkrans gepaard gegaan het. Persoonlike EER het hulle toe al sterk gemotiveer! Vir baie van ons hedendaagse sportlui kan dit sekerlik nog steeds as die nommer een motivering vir volgehoue oefening dien. Vir ons wat nou in die goue jare is, is dit dalk nie meer heeltemal so van toepassing nie. Wat kan ons dan motiveer ?

Daarmee saam, maak ons (sedert Kain en Abel) tussen nasies oorlog, want daar is 'n beloning of buit vir die oorwinnaar ter sprake. En om goed (dws die beste) te kon veg, was daar geoefen. Om die nodige dwang vir oefeninge en vir die geveg te kon verseker, was dissiplinêre maatreëls vir die soldate ingestel. Sonder oefening en dissipline kon jy toe nie maklik die vyand aandurf nie. Het jy die geveg verloor, het jy alles verloor. Gelukkig leef ons nou in relatiewe vrede by Die Oog. Maar vir ons wat nou in ons goue jare aanbeweeg, is daar 'n nuwe "vyand" op ons horison, wat as ons hom los, niemand van ons gaan ontkom nie. Sy naam is nie altyd duidelik nie, en sy voorkoms is ook soms kwaai vertroebel, sodat ons hom nie maklik kan identifiseer vir wat hy werklik is nie. Kom ons probeer hom 'n naam gee. Is hierdie vyand se naam dalk "ouderdom" ?

Gegewe hoe geskik en gereed jy is om hom betyds te kan hanteer, so verloor hy baie gou sy status as jou "vyand". Dan verander die situasie in "ryp word tyd". En dis goed so. Net soos wat jy binne in die geveg, op meer as een manier weerstand moet kan bied, moet jy ook kan aanval en terugveg. Doen jy dit nie, sal hy jou bykom waar jy die swakste vir hom lyk. Een so'n plek is jou fisiese gestel. Sonder dat weerstand gebied word (met gereelde oefening), kan hierdie vyand genaamd "ouderdom", jou liggaamskragte heeltemal aftakel en jou uiteindelik oorwin. Maar as jy wil weerstand bied, deur jou liggaamlike spier-krag en spier-soepelheid op te bou en sodoende in stand te hou, word jou fisiese lewe en jou geestelike weerbaarheid weer die moeite

werd. Kom sluit aan by die PILATES OEFENGROEP (Maan- en Don) ! OM TE OEFEN IS GESOND - KOM OEFEN SAAM - PILATES : 083-569-4518



## Slimline in Septembermaand

Die lente lê om die draai. Die bloeisels begin al uitpop, en die nuwe blaartjies op die bome en plante begin al uitkruip. Daar is mooi Lente-beloftes in die lug. Daarmee saam bied Die Oog se Skoonheidsalon ook vir Septembermaand, die SLIMLINE Spierversterking en Verslankings Behandelingkursus van 10 sessies teen steeds diesefde kursusprijs van R350 vir 10 Sessies aan.

Elektronies gestimuleerde Spierversterking en Verslanking Behandeling is op sigself geen korttermyn wonderkuur nie. Soos dit maar met alle spieroefeninge en ook verslanking gaan, bly dit steeds 'n tydsame proses, wat aangevul moet word met deurlopende ondersteunende aksies. In hierdie geval moet die regte dieet gevolg word, asook 'n ligte toepaslike fisiese spieroefening program. Gesamentlik, kan hierdie aksies goeie resultate binne enkele maande lewer.

Vir elke kliënt wat gedurende Septembermaand van hierdie diens gebruik maak, ontvang daardie kliënt EEN addisionele gratis sessie daarna. Dus 11 behandelingssessies vir Septembermaand ! Bel my en kom en praat met my daaroor.

Groete Martie de Beer  
083 569 4518





ERROR: stackunderflow  
OFFENDING COMMAND: ~

STACK: